BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 28 MEI 2009 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE

Rdh I Spangenberg	[DA]	:	Speaker
Rdl S Claassen	[OD]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Onder-Burgemeester
Rdh J Raats	[DA]		
Rdl P van Niekerk	[DA]		
Rdl A de Vries	[DA]		
Rdl Me E Schreuder	[DA]		
Rdl R de Villiers	[ANC]		
Rdl C Karools	[ANC]		
Rdl J Afrikaner	[ANC]		
Rdl Me S Lesch	[ANC]		
Rdl R van Rooy	[Onafhanklik]		

AMPTENARE:

Me E Le Roux	:	Munisipale Bestuurder
Me R Louw	:	Strategiese Bestuurder
Mnr J van Niekerk	:	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr A Willemse	:	Direkteur Tegniese Dienste
Mnr J Joubert	:	Direkteur Administratiewe Dienste
Mnr J Mkandawira	:	Areabestuurder : Velddrif
Mnr N Scheepers	:	Senior Klerk : Komiteedienste (Wnd)

1. **OPENING**

Rdl Liebenberg open die vergadering met skriflesing en gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)**

Rdl J Swart (sal later aansluit)

3. **VERKLARING VAN BELANGE IN TERME VAN PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 EN 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 AND 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)**

- Geen / None

4. **LYS VAN ONAFGEHANDELDE ITEMS / LIST OF OUTSTANDING ITEMS (3/3/1/3)**

- Geen / None

5. **BEKRAGTIGING VAN NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETINGS (3/3/2/2)**

- Geen / None

6. **VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)**

- Geen / None

7. **ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)**

- Geen / None

8. **DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)**

- Geen / None

9. AFDELING A : BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : MAYORAL COMMITTEE

9.1 AANBEVELINGS VAN DIE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

9.1.1 **ADOPTION OF THE FINAL REVIEWED INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) FOR 2009/2010 (15/1/5/5)**

Rdl Karools meld dat die behuisingsbehoeftes van alle inwoners in die Bergrivier Munisipale gebied dieselfde is.

Op voorstel van Rdh Raats met betrekking tot die aanbevelings/voorstelle van Provinsie rakende die Hersiene GOP (2009/2010) meld die Uitvoerende Burgemeester dat sodanige aanbevelings/voorstelle wel in die Finale Hersiene GOP dokument vir die finansiële jaar 2009/2010 vervat is.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat spesiale behuisingsprojekte met betrekking tot Wet 9-gebiede (Goedverwacht, Wittewater en Genadenberg) in plek gestel word.

RB 773 RESOLVED

That Council adopt the Final Reviewed IDP for 2009/2010 and that it be dealt with as required by the Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

9.1.2 **GOEDKEURING VAN FINALE BEGROTING 2009/2010 SOOS VOORGELÊ DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER (5/1/1 – 2009/2010)**

Die Direkteur Finansiële Dienste versprei ‘n verslag met betrekking tot die finale begroting 2009/2010 aan die vergadering.

Die Uitvoerende Burgemeester lewer sy begrotingsrede vir die finansiële jaar 2009/2010 aan die Raad.

Op versoek van die ANC-koukus staan die Voorsitter ‘n koukusgeleentheid toe om 14:40.

Die vergadering hervat om 14:50.

Na die koukusgeleentheid lig Rdl Karools die vergadering in dat die ANC-koukus die begroting, soos voorgelê deur die Uitvoerende Burgemeester ondersteun, maar dat die onderstaande kwessies deur die Raad oorweeg word vir goedkeuring, naamlik:

- dat die begroting wel die behoeftes van die armstes van die armes aanspreek en streng daarby hou;
- dat deernisgevalle as persone wat staatsondersteuningstoelae ontvang geklassifiseer word;
- dat kleiner dorpe en Wet 9-gebiede voorkeur sal kry met betrekking tot die afskryf van oninbare skulde.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat deernisgevalle, in die 2009/2010 finansiële jaar, slegs van toepassing op staatspensioenarisse sal wees en dat verdere oorweging in die volgende finansiële jaar aan persone wat ander staatstoelaes ontvang geskenk kan word.

Rdh Raats meld dat die uitbreiding om vir deernis te kwalifiseer na ander staatstoelaes ‘n verdere finansiële las op die Raad bewerkstellig en dat alle departemente daarna moet poog om besparings/surpluses te bewerkstellig.

RB 774 BESLUIT

1. Dat die Raad die jaarlikse begroting vir die Bergrivier Munisipaliteit vir die Finansiële Jaar 2009/2010 asook projeksies vir die 2010/2011 en 2011/2012 soos uiteengesit in die Begrotingsdokument aanvaar;

2. Dat kragtens die bepalings van Artikel 24 van Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2002) die Voorgestelde Begroting soos voorgelê deur die Raad aanvaar word;

3. Dat ‘n algemene belastingkoers van 0,61 c/R vasgestel word vir alle eiendom behalwe die wat as Landbou gebruik in die Waardasierol 2008 voorkom;

4. Dat ‘n koers vir Landbou gebruik van 0,153 c/R vasgestel word; en

5. Dat die onderstaande Beleidsdokumente soos vervat in die Begrotingsdokument goedgekeur word:

Tariefbeleid
Rekeningkundige beleid
Kredietbeheer en Skuldinvorderingsbeleid
Belastingbeleid

9.2 BESLUITE VAN DIE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE ACCORDING DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN

- Geen / None

10. AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)

10.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

10.2 BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS ACCORDING DELEGATED POWERS AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN, FOR INFORMATION OF COUNCIL

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:00

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.

_____ _____

VOORSITTER (SPEAKER) ***DATUM***